
BESOEK
„RENFIELD"
MANSHAARKAPPER
VIR NETHEID
BELEEFDHEID
DIENS
Langs „Panorama" Teekamer
ANDRINGASTRAAT

DIE MATIE
TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
(Uitgegee onder beskerming van die S.R.)



Prys 13/6
LUBBE
vir Skoenherstelwerk en Sandale

Deel V, Nr. 12. SATERDAG, 13 OKTOBER 1951 PRYS 3d.

# NUWE STUDENTERAAD SAAMGESTEL

## Persentasie Stemme Hoër

**'n Rekord persentasie stemme is weereens uitgebring met die S.R.-verkiesing aan die einde van verlede kwartaal, naamlik 67.25 persent. Die ses oud-S.R.-lede het ook die ses grootste stemmetalle gekry.**

**Vir die stembuskonvener, Felix Harris, was die verkiesing egter 'n nagmerrie. Behalwe die feit dat daar baie organisasiewerk nodig was, is 'n deel van die kandidate se deposito's om alles te kroon nou uit sy kamer gesteel.**

Die Raad is soos volg verkies:

**Hitler Hanekom (1035).**
**Pieter de Kock (1014).**
**Tjoks de Vos (920).**
**Elize Lindes (823).**
**Gustav Bam (780).**
**Danie Malan (670).**
**Johan Lutz (365).**
**Basil Wunsh (343).**
**Butch Lochner (318).**
**Rudi Andrag (231).**
**Dudley Vermaak (217).**
**James Starke (205).**

Hanekom, De Kock, De Vos en Bam en mej. Lindes was lede van vanjaar se studenteraad. Danie Malan was lid van die S.R. gedurende 1949-50, maar het hom nie verlede jaar verkiesbaar gestel nie.

### DEPOSITOGELD

Daar was nie minder as 36 kandidate nie en almal het meer as die vereiste 50 stemme behaal. Daar was dus geeneen wat sy 10/- deposito verbeur het nie.

Maar terwyl hy op die verkiesingsdag besig was by die verskillende stembusse, is £10 uit mnr. Harris se kamer gesteel. Hy moes die verlies uit sy eie sak vergoed, en Felix merk ewe droewiglik op dat hy maandelank brandarm sal wees!

### STEMMING

Teenoor die 1296 studente wat verlede jaar hulle stemme uitgebring het — 65 89 persent — het die getal vanjaar opgeskuif na 1,340 of 67,25 persent. Dit wil skyn asof die S.R.-verkiesings gaandeweg al groter belangstelling geniet.

Wat die persentasie stemming per fakulteit betref, moes die Jokl-fakulteit, wat verlede jaar met 82.2 persent voorgeloop het, sy posisie prysgee ten gunste van die Ingenieurs wat vanjaar heel bo-aan die lys staan met 85.22 persent. Daarna volg vanjaar die Landboufakulteit (79.59), Konservatorium (72.67), Sosiale Wetenskappe en Handel (69.2), Joklfakulteit (65.82), Lettere, Wysbegeerte, Bosbou en Regte (62,62), Opvoedkunde (60.31), Huishoudkunde (59.67) en heel laaste op die lys kom weereens die Fakulteit vir Natuurwetenskappe met 55.41 persent.

### VOORSITTER

**Op die eerste vergadering van die nuwe S.R. is mnr. Tjoks de Vos, verlede jaar sekretaris van die S.R. en primarius van Helderberg, verkies tot voorsitter.**

Daar was 'n staking van stemme by die voorsittersverkiesing en volgens konstitusie is die voorsitter daarop deur die lot aangewys.

By ons ter perse gaan is die verskillende komitees van die S.R. nog nie verkies nie.



**TJOKS DE VOS,**
**Gewese sekretaris van die vorige Studenteraad, wat op die eerste vergadering van die nuwe Studenteraad as voorsitter verkies is.**


## *Nuwe Studenteraadslede*



WUNSH



ANDRAG



LUTZ



VERMAAK



STARKE



LOCHNER

# Uitslag Van Ons Wedstryd

Van die 301 lesers wat aan Die Matie se S.R.-Verkiesingswedstryd deelgeneem het, het slegs een persoon 10 uit die 12 kandidate reg gehad. Dit was mnr. G. J. Hupkes van Huis-Visser (wat terloops ter eniger tyd 'n ghienie by die Tesourier kan gaan haal).

Verlede jaar se wedstryd het die interessante feit opgelewer dat daar skynbaar slegs 1 dame vir elke 7 mans was wat platsak was. Vanjaar was daar slegs 1 dame vir elke 9 mans wat nie 'n ghienie versmaai nie —mens kan darem sien wie betaal die gelag!

# VERSLAE IN SESTIG TALE

## Mej. Mackenzie Oor Internas. Kinderwelvaart

**Voor 'n gehoor van ongeveer 200 persone het mej. Mackenzie, sekretaresse van die Nasionale Kinderwelvaartsorganisasie, onlangs gepraat oor die werk van die V.V.O. se Spesiale Komitee vir Kinderwelvaart. Die lesing is gereël deur die Departement van Sosiologie en Maatskaplike Werk**

Mej. Mackenzie, wat volkome tweetalig is, is spesiaal deur genoemde Departement gevra om in Engels te praat. Sy het verduidelik wat die V.V.O. se Komitee vir Kinderwelvaart is en wat hulle doen.

### SESTIG LANDE

**Spreekster het gewys op die ingewikkelde netwerk wat hierdie komitee se werksaamhede meebring, deurdat daar in meer as 60 lande inligting met betrekking tot Kinderwelvaart ingewin moet word, en die verslag dan in net soveel tale vertaal moet word.**

Gewag is gemaak van die ongeduld waarmee hierdie verslae en vertalings dikwels ingewag word — iets wat die doeltreffendheid daarvan soms kortwiek. „Hier het die Coca-Colabeskawing sy invloed laat geld in die vorm van ‚deadlines,' nl. dat verslae, ens. vóór 'n vasgestelde datum voltooi moet wees, skynbaar sonder inagneming van die volledigheid daarvan."

### NIE INMENG NIE

„Die doel van die Komitee," het mej. Mackenzie voortgegaan, „is sekerlik nie om in lande se huishoudelike sake in te meng nie, maar indien 'n regering of 'n organisasie 'n hervorming t.o.v. Kinderwelvaart in sy eie land beoog, sorg die Komitee dat die nodige inligting beskikbaar is."

Die lesing, wat interessant was, is deur baie verwelkom aangesien die meeste mense maar n baie vae of geen begrip het van wat in die wêreld gedoen word ten opsigte van sosiale welvaart oor die algemeen en Kinderwelvaart in die besonder nie.

## Verskoning

**Dit spyt ons dat die verskyning van hierdie uitgawe van Die Matie vertraag is, maar dit was (soos die S.A.U.K. sê) te wyte aan omstandighede buite ons beheer, aangesien die blokke gistermiddag eers gekom het.**

# *Knap Oud-Matie Verdrink In Dam*

Mnr. Pieter van der Byl Smuts, 27-jarige sekretaris van 'n sakeonderneming op Graaff-Reinet en 'n oud-Matie, het onlangs aldaar verdrink luidens 'n berig wat onlangs in Die Burger verskyn het.

Mnr. Smuts het in die Van Ryneveldspasdam verdrink en is op Oudtshoorn waar sy ouers woonagtig is, begrawe.

As seun van Skoolinspekteur en mev. Smuts, het wyle mnr. Smuts op Uniondale skoolgegaan. In 1946 het hy die B.Com-graad aan U.S. behaal.

Volgens prof. dr. C. G. W. Schumann was mnr. Smuts 'n baie knap student. Hy was die kleinseun van mnr. Japie Lutz wat 'n groot aandeel gehad het in die opbou van die Kakamasbesproeiingswerke en wat twee jaar gelede 'n ere-M.Sc.-graad van die Universiteit van Stellenbosch ontvang het.

# Strauss Verower Senior-Redenaarsbeker

## Interessante Onderwerpe Deur Vyf Sprekers

**Vanaf „die plek van die vrou in die samelewing" tot koshuisrugby is bespreek op die Senior-redenaarskompetisie. Die sprekers was Louis Stofberg, Coen Becker, Nols Smit, Willie Roos en Sas Strauss, en hulle is beoordeel deur dr. Erika Theron en prof. N. J. J. Olivier. Sas Strauss het die beker verower.**

**Louis Stofberg** het die bal aan die rol gesit deur te praat oor koshuisrugby. Ter inleiding het hy gesê dat daar volgens hom en mnr. Dirk Mostert, L.V., net een ding op Stellenbosch is waaroor 'n mens kan gesels: Rugby.

Voorts het hy gewys op die rugbylouere wat reeds deur Stellenbosch ingeoes is, die 62 Matie-Springbokke asook die onlangse oorwinning oor die vier Noordelike Universiteite en die Oxford-Cambridge-toerspan.

### „FASCISTIESE HORDES"

„Dit is nie minder as reg om te sê dat Stellenbosch baie na daaraan kom om die studenterugbykampioene van die wêreld te wees nie."

Mnr. Stofberg het gewys op die entoesiasme aan die begin van die seisoen, met 'n ontsettende afname na Junie. „Byna fascistiese hordes van rugbyspelers, 304 van hulle, het Coetzenburg se velde vertrap voor Intervarsity." Daarna was daar beswaarlike spelers vir 10 spanne.

### BREËR GRONDSLAG

„Hierdie noodlottige verskynsel kan verhelp word deur koshuisrugby,' 'het die spreker verklaar. Terwyl klubrugby agteruitgaan gedurende die tweede helfte van die seisoen, floreer koshuisrugby. Volgens mnr. Stofberg sal dit glad nie 'n moeilike taak wees om hierdie geesdrif en behoefte aan rugbyspeel op 'n breër grondslag te plaas en tot voordeel van klubrugby aan te wend nie.

„Gee elke koshuis 'n breier en laat die koshuise teen mekaar speel en oefen. Uit hierdie spelers kan dan die klubspelers gekies word," was mnr. Stofberg se weloorwoë standpunt.

### „GROTER GEVAAR"

Vervolgens was **Nols Smit** aan die woord. Hy het die stelling gemaak: „Liberalisme is 'n groter gevaar as Bolsjewisme." Hy het aangedui dat Bolsjewisme teenstrydig is met ons opvattings omdat dit geen persoonlike vryheid erken nie.

Daarom lyk dit asof die Liberalisme wat absolute vryheid voorstaan, die teenoorgestelde van Bolsjewisme is. Juis hierin lê die groter gevaar. Mnr. Smit bewys sy stelling aldus: „Ons lewe in 'n relatiewe wêreld." Net soos hitte ons 'n besef gee van koue, net so is vryheid sonder gesag ondenkbaar.

### „MENSVRETERSTEMREG"

Die Liberalisme bestry dissipline op alle gebiede, die skool, die kerk en die staat. Hulle glo slegs aan die gesag van lewe en deug, dat elke mens goed en rein is in sy wese. Derhalwe verwag hulle selfs dat die stemreg aan mensvreters en barbare gegee moet word. Andersdenkendes word as fasciste bestempel.

Hoewel die Liberaliste beweer dat die mens in sy wese goed is, meen spreker dat dit slegs 'n klein gedeelte van die mensheid is wat nie deur hulle laere drifte oorheers word nie. Spr. tipeer die „vryheid" van die Liberalisme so: „Hulle wil die waarheid ontdek deur koppe te tel."

### „VRYHEID DEUR GESAG"

Verder wys mnr. Smit daarop hoe die sg. vryheid, gelykheid en broederskap kan ontaard in staatsabsolutisme. Eers moet die mens opgevoed word gedurende 'n oorgangsperiode om dan die nuwe vryheid te geniet. Hierdie belofte word nie bewaarheid nie soos bewys is deur die Franse en Russiese Revolusies.

„Vryheid kan slegs deur gesag gehandhaaf word," die gesag van sedewet en godsdiens, die gesag van God."

### „VROU VERSTOOR EWEWIG"

**Willie Roos** het oor die Plek van die Vrou in die Samelewing gepraat. „Die moderne vrou het die ewewig verstoor, sy is waar sy nie moet wees nie. Sy wil met die man meeding op alle terreine en dit is in teenstryd met die orde van die heelal.

Die vrou het 'n unieke plek in die samelewing. Die man was eerste en die vrou uit hom. Sy is die man se gelyke, nooit mag sy die mindere wees nie. Die skoonheid van die vrou is haar eer en die liefde omvat haar hele wese, daarin kan sy heers en terselfdertyd dien, dit is in die huwelik en haar moederskap.

Vrouens wat die moed het om hulle natuur uit te lewe doen dit in die huisgesin, die kleinste maar ook die belangrikste van alle maatskappye. Hier kan haar gawes skitter, hier is sy heerseres.

### „MAN ORAL EERSTE"

Op alle ander gebiede is die man eerste, want geen vrou se naam word saam met dié van Plato, Kant en Rousseau genoem nie. Op die gebied van wetenskap gebeur daar dieselfde. Die man is en bly die eerste in die natuur. Die vrou is besig om haar te breek omdat sy wil heers waar sy nie daartoe in staat is nie.

Ten slotte beklemtoon mnr. Roos wat hy reeds gesê het, die vrou se hoogste plig is in die huis — „die hand wat die wiegie skommel, regeer die wêreld."

Mnr. Roos se rede is opgehelder deur 'n menigte aanhalings uit werk van groot wysgere.

### FEDERASIE

**Sas Strauss** het oor 'n aktuele kwessie gepraat: „Federasie tussen die Unie van Suid-Afrika en Suid-Rhodesië." Hy ag dit nie alleen wenslik nie, maar ook noodsaaklik dat die Unie en S.-Rhodesië in 'n nouer staatkundige verband saamwerk om 'n bolwerk te vorm teen die soort orde of wanorde waarop die huidige Britse beleid in Afrika afstuur.

Die Britse Imperiale beleid is vandag positief vyandig teen die blankedom in Afrika. Die toestaan van verantwoordelike bestuur aan die Goudkus het aan die Kommunis die geleentheid gegee om sy politieke verhoog op te rig en op groot skaal volgelinge vir die Hamer en die Sekel te werf. Dit was nog 'n spyker in die doodkis van die witman in Afrika.

### „IS EEN"

Mnr. Strauss het gesê dat federasie moontlik is omdat die blankes in die Unie en Rhodesië nie net één in bloed en vlees is nie, maar inderdaad ook in politieke gedagte. Die Britse nedersetter in Afrika besef al hoe meer dat hy nie meer dieselfde politieke taal as die politikus in die land van sy vaders praat nie. Wat die kwessie van voortbestaan betref is die Brit een met die Afrikaner.

Vooroordeel teen die Afrikaner is egter een van die grootste struikelblokke op die pad van federasie. Mnr. Strauss skryf hierdie vooroordeel toe aan die frustrasie van sekere politieke groepe in die Unie wat besef dat hul politieke deuntjie uitgedien is, en wat gevolglik vir eie voordeel probeer om die res van die wêreld — waaronder Suid-Rhodesië — teen die Suid-Afrikaanse regering op te sweep.

### „TAALSTRYD"

Daar heers 'n sg. „taalstryd" in Suid-Rhodesië. Die kreet is: „Hou Suid-Rhodesië Engels!" Dit ten spyte van die feit dat Rhodesië se blanke bevolking uit tussen 25 en 30 persent Afrikaanssprekendes bestaan.

'n Mens hoor van talle gevalle van diskriminasie teen Afrikaners. Sommige Rhodesiese firmas weier glo selfs om gegradueerders van Stellenbosch in diens te neem — omdat hulle dan uit die bakermat van die gewraakte Afrikaanse nasionalisme kom.

Die Afrikaner word beskou as 'n indringer, 'n imperialis, 'n veroweraar met Nazi-taktiek.

### „VERRUIL GESINDHEID"

Rhodesië sal hierdie onvolwasse gesindheid moet verruil vir 'n nuwe gesindheid. Besef sal moet word dat die feit dat daar vandag 'n Afrikaanssprekende kabinet in die Unie is, te danke is aan sekere maatreëls van Lord Charles Somerset in die vorige eeue, wat daarop gerig was om die Afrikaner sy indentiteit te ontneem.

Eers wanneer die Rhodesiër besef dat die Afrikaner sy vriend is en nie sy vyand nie, is ware eendrag ten opsigte van ons grootste en gesamentlike probleem in Afrika — die voortbestaan van blankedom — moontlik. Aldus mnr. Strauss.

### EK-JY VERHOUDING

**Coen Becker** se rede het gehandel oor die neurotiese ek-jy verhouding: vertwyfeling. Dit is 'n „siekte" wat spruit uit ongeloof. Hierdie neurotiese verskynsel, sê mnr. Becker, neem twee vorme aan — vertwyfeling in swakheid en vertwyfeling in trots om sigself te wees.

Spreker verduidelik die eerste vorm van vertwyfeling as volg: die illusie van 'n jongeling t.o.v. die toekoms, hy sien homself verwesenlik maar wil nie sigself wees nie.

Die illusie van die grysaard wat sy hele lewe in oënskou neem en wat dan nie sy werklike self wil erken nie.

'n Derde vorm wat hierdie vertwyfeling in swakheid is, is die vertwyfeling oor die ewige in die mens. Die vertwyfelde mens se oë is slegs op homself gerig en hy kan hom nie verwerklik in die gemeenskap nie.

### „VERTWYFELING"

Aan die ander kant het ons die manlike vertwyfeling of trots om sigself te wees. Hierdie vertwyfeling het sigself as hoofdoel en hierdie hoogmoed spruit uit die swakheid van vertwyfeling.

Mnr. Becker vind die oplossing vir hierdie twee hoofvorme van vertwyfeling in 'n vaste lewensbeginsel waarvoor 'n mens kan lewe en sterwe. Geen starre dogmatiek nie, maar 'n lewende persoonlikheid wat moed gee tot oorwinning; niks anders as ons Heer en Heiland nie.

### ONVERRIGTERSAKE

Die redenaars het elkeen 'n kort onvoorbereide toesprakie gelewer benewens hul voorbereide redes.

Willie Roos moes oor die Predikatetrein praat. Daar is mense wat Stellenbosch toe kom om sosiale ondervinding op te doen en ander wat kom om te werk. Op die predikatetrein gaan dié wat plesier kom soek het onverrigtersake huis toe.

Sas Strauss het 'n ernstige beroep op 'n klomp Vakbonders gedoen om te staak.

### „. . . MET 'N ENJIN"

Nols Smit moes kommentaar lewer op „A man without a woman is like a ship without a sail." Hy het tot die slotsom gekom dat 'n „skip sonder seil" 'n „skip met 'n enjin" is. Maar 'n man sonder 'n vrou is beter af. ('n Vrou het ook haar nut as 'n mens dit so wil beskou.)

Vroue is verantwoordelik vir die nageslag, alle probleme sou opgelos gewees het as daar nie mense was nie.

Louis Stofberg het 'n groepie „native boys" toegespreek oor Apartheid. Sy argumente was dat Apartheid daaraan skuld het dat die „native boys" nie „mink coats" vir die „native girls" kan koop nie. Hy kom egter tot die gevolgtrekking dat die „native boys" hul kruiwaens vinniger sal moet stoot as hulle apartheid in die wiele wil ry.

Coen Becker verkies 'n seer tand bo 'n seer hart omdat hy liewer fisiese as „neurotiese" pyn wil ly.


### STANDAARD MAATSTAWWE

Prof. Olivier het na 'n langerige beraadslaging met dr. Theron die uitslag bekend gemaak: hulle besluit is volgens standaard maatstawwe geneem: inhoud, logika, taal, die voordrag self en algemene voorkoms.

Mnr. Strauss is aangewys as die beste redenaar in die gewone sin van die woord. Mnr. Roos het baie na aan hom gekom maar hy was te gebonde aan sy manuskrip en aanhalings uit werke. Vir die onvoorbereide toesprake verdien Roos meer lof as Strauss.

Onder toejuiging het dr. Erica Theron die redenaarsbeker aan mnr. Strauss oorhandig.

# BAASREDENAAR



Wanneer **Sas Strauss** Stellenbosch vanjaar verlaat nadat hy die graad B.A. (Regte) verwerf het, verloor ons een van die bekendste en mees bekwame lede uit die studentegemeenskap.

Sas het hom vanjaar as baie aktiewe en pligsgetroue S.R.-lid laat geld.

Hy was 'n krag op verskeie gebiede van die studentelewe en het hom veral as 'n knap redenaar onderskei. In 1950 was hy lid van die span wat 'n tussenuniversitêre debatstoer onderneem het. Onlangs het hy die senior redenaarskompetisie gewen.

Sas was ook huiskomiteelid vir Wilgenhof.

Hy stel besonder belang in die joernalistiek en het op dié gebied weldeeglik sy merk gemaak. Hy was o.a. vir 'n jaar lank hoofredakteur van Die Matie. Onder hom het ook die A.S.B.-blad, Spoorslag, verlede jaar die lig gesien. Op die A.S.B.-hoofbestuur het hy die posisie van Direkteur vir Publikasies en Publisiteit beklee.

Sas gaan hom aanstaande jaar by 'n prokureursfirma, vermoedelik in Bloemfontein, as kwekeling inskrywe.


BELANGRIK!

By die afwesigheid van wetgewing in Suid-Afrika vir die beheer van gesigkundige praktyk, is daar geen wetlike bepaling teen die gebruik van die benaming „Gekwalifiseerd" ten opsigte van Gesigkundige Dienste nie.

**DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VAN GESIGKUNDIGES** gestig in 1924, beperk sy lidmaatskap tot diegene wat voldoen aan behoorlike standaarde van opleiding en eksamen, neergelê deur die Vereniging.

**Vir die inligting van die publiek word die volgende lid van die vereniging te Stellenbosch toegelaat om die simbool van die vereniging, soos hier afgebeeld, te vertoon en die letters „F.O.A. (S.A.)" te gebruik.**

SOUTH AFRICAN OPTICAL ASSOCIATION

**D. E. THERON, Bestuurder**

**(J. MULLER en SEUNS (Eiens.) Bpk.)**

Andringastraat 37, Stellenbosch.



- HUISFUNKSIES
- PARTYTJIES
- UITSTAPPIES

*Ons beskik oor die Grootste Verskeidenheid Eetware en Snoeperye in die Dorp*

**A. BLOMMAERT**

(Eienaar: E. A. Blommaert)

Hoek van Kerk- en Andringastraat STELLENBOSCH

# Die Matie

**REDAKSIE**

REDAKTEUR: J. R. OLIVIER (Wilgenhof).

SUBREDAKTEURS:
NUUS: CON BOTHA (Huis-Visser); ALBERT CRAFFORD (Wilgenhof); ALBERT OCHESE (Huis-Marais).
KUNS: WILLEM BOTHA (Wilgenhof).
SPORT: HERKLAAS VILJOEN (Helderberg); MIETSIE MARAIS (P.S.O.); GRAAFF OOSTHUIZEN (Dagbreek).

ADMINISTRASIE:
Finansies: J. J. HEYNS (Dagbreek).
Advertensies: TINY KRIGE (Dorpstraat 126).
Sirkulasie: CHRISTO BOTHA (Wilgenhof).
FOTOGRAFIE: J. S. MINNAAR (P.S.O.).
SPOTPRENTE: SCHALK WALTERS (Huis-Marais).

SATERDAG, 13 OKTOBER 1951


## MEER BELANGSTELLING

Die Studenteraad wat gedurende die komende jaar sal funksioneer is verkies, en het reeds sy werksaamhede aanvaar. Hoewel ons vir geen oomblik twyfel dat ook hierdie nuwe Raad alles in sy vermoë sal doen om die belange van die Studente-unie suksesvol te behartig nie, is daar egter 'n voorwaarde vir sy doeltreffende funksionering. Hierdie voorwaarde is opregte belangstelling van die kant van die Studente-unie.

Ons is, soos in die verlede reeds baie duidelik bewys is, verkeerdelik selfgenoegsaam sodra ons ons stem uitgebring het en die Studenteraad saamgestel is. Die bietjie belangstelling wat daar nog voor en by die verkiesing is, verdwyn eensklaps net na die verkiesing, en dan word die Studenteraad beskou as 'n noodsaaklike gewoonte en nie as 'n dinamiese, werkende liggaam nie.

Van tyd tot tyd is in ons blad pertinent daarop gewys dat S.R.-vergaderings mag bygewoon word, en smag om bygewoon te word, deur enige student. En dan gebeur dit dat twee of drie studente miskien een of twee vergaderings bywoon, en die res is tevrede met 'n verslag in ons blad — indien daar genoeg belangstelling is om die verslag te lees.

Ons moet onthou dat indien die Studenteraad bewus is van belangstelling en volle ondersteuning van die kant van die Studente-unie, eersgenoemde met baie meer beslistheid sal kan optree. Dat aktuele sake waaroor daar enige twyfel ten opsigte van optrede bestaan, sodanige twyfel makliker te bowe gekom kan word as die raad versekerd is van die steun van die studente.

Laat daar dus gedurende die huidige Studenteraad se ampstermyn meer samewerking tussen die Raad en die studente wees. Laat ons ook nie alleen ons volle steun aan die Raad toesê nie, of alleenlik wakkere belangstelling in hulle werk toon nie, maar ook op gesonde wyse, waar dit nodig is, kritiek en wenke aan die hand doen.

Aan die Studenteraad wens ons 'n aangename en suksesvolle jaar van werksaamhede toe.

## „Begrip Van Kultuuraand Al Meer Oerwoudgerig"

**Gert Möller, Birdstraat 73, skryf:**

Die Stellenbosse studente het op die aand van 10 Oktober voorwaar vir 'n laakbare verrassing gesorg. Selfs nie eers die Bournemouthse telling van 31—6 kon by die Maties genoeg patriotisme inskerp om ons Administrateur 'n vol saal te gee nie.

Hierdie oud-Matie moes bepaald gevleid gevoel het oor die verwelkoming wat hom in sy ou alma mater te beurt geval het!

Eers stry ons om 10 Oktober as 'n Volksdag erken te kry, en dan — „Lamsak, ou maat, gee my jou hand — ons is burgers van Papbroekland!" En dit op die vooraand van ons volksplantingsfees!

En die Afrikanerdom en -kultuur op die veelgeroemde Stellenbosch? Ons sogenaamde leidende rol as kultuurbewuste nasiebouers?

Dit lyk of ons begrip van 'n kultuuraand al hoe meer oerwoudgerig word. Moet ons nie so stadigaan Ikabod skryf oor die kultuurbydrae van ons volksuniversiteit nie. **Ek maak beswaar!**

## „Dans Dra By Tot Gesonde Verhouding"

Huis-Marais was vanjaar verantwoordelik vir die reëlings van die gesamentlike dans van Huis-Marais en Huis-Visser Die reëlingskomitee verdien 'n woordjie van lof en gelukwensing vir knap organisasie en suksesvolle verloop van die funksie.

Mej. M. Nel, bygestaan deur mevv. Smit en Smuts het andermaal getoon dat hulle die kuns van 'n ligte buffet deeglik verstaan, te oordeel na die smaaklike snoeperye en gereg te, waarvan daar meer as genoeg was om te geniet.

Daar was vanjaar geen komiteekamer gehou nie en die onderlinge groepgees het van gesonde en gesellige verkeer getuig.

Afgesien van die feit dat hierdie gesamentlike jaarlikse huisdans finansieel voordeliger blyk te wees, voel die here van Huis-Marais en Huis-Visser dat dit veel bydra tot die gesonde verhouding wat daar reeds tussen dié twee manskoshuise heers.

### Die Matie se

- Dankie aan Nico van der Merwe, Kina Botha, Mike Hough en Basil Wunsh wat vanjaar bygedra het om die uitgee van ons blad 'n plesier te maak, maar die Redaksie nou vaarwel sê.
- Welkom aan die vier nuwe lede op die Redaksie, t.w. Albert Crafford, Albert Ockerse, Gert Heyns en Tiny Krige.

### Wat Dink U?

## BELANGRIK

**Verlede jaar moes etlike koshuise oorhaastig huiskomitees kies om betyds te wees vir die laaste uitgawe van Die Matie. Ons herinner alle huiskomitees daaraan dat die volgende Matie op 26 OKTOBER verskyn en dat uitslae van verkiesing dus voor of op WOENSDAG, die 24ste die Redakteur moet bereik.**

### DIE MATIE

**GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES.**

**TARIEF:** 1/- vir eerste twaalf of minder woorde, daarna 1d. per woord ekstra.

(Hierdie Advertensies kan by „Tiny" Krige, Dorpstraat 126, ingehandig word)

**GEVRA**

**Goeie Sentrale Losies** vir 1952. Ontbyt en middagetes ingesluit. — Antwoord: Mnr. D. Kritzinger, Personeel, Theron Hoërskool, Britstown.


DIE
**Modelskoenwinkel**
PLEINSTRAAT
VIR KWALITEIT EN STYL

Fresca Frutta Baselefs
Ton Frutton, Che Clica

So sê hulle in Griekeland vir „VARS VRUGTE DIE KONING VAN VRUGTE EN LEKKERS"

In Stellenbosch sê ons net

**CANARIS**
ANDRINGASTRAAT,

hulle het die Vars Vrugte, die Koning van Vrugte en Lekkers.

*Nuwe Kafee in Meulstraat*

Goeie ou Maats
Ontmoet Mekaar
in die
**HOTEL MASONIC**
Birdstraat, Stellenbosch

Bring 'n Besoek aan
**CHRISANNA**
Crozierstraat, Stellenbosch
Tel. 566
Ons verskaf o.a.:
- Daagliks Vars geplukte Blomme
Alle werk word deur 'n Opgeleide Bloemiste gedoen.
Vir u volgende dinee, kry u blomme by ons.

**GEBRS. OHLSON BROS.**
Mans Haarkappers
Gents Hairdressers
*Vinnige Diens - Vyf Stoele*
*Quick Service - Five Chairs*
Pleinstraat — Plein Street
STELLENBOSCH

**Colin Lockley**
EN KIE
Pleinstraat
STELLENBOSCH
Spesialiteite in VERGROTINGS, KLEUR- EN ALLE BUITEFOTOGRAFIE



*Certainly, Sir!*
*Delivery right away! Van der Stel's for Service! We carry large stocks of South African Wines, Spirits, Malts, Cordials and Mineral Waters. And if your particular request is not in stock we'll do our best to get it for you—quickly. Make a note of our phone number. It's 94. Good day, Sir!*

VAN DER STEL BOTTLE STORE
Telephone 94 — STELLENBOSCH

TUSSEN KLASSE
en
NA FLIEK
Besoek die
**Eike Kafee**
RYNEVELDSTRAAT

**SUMMIT**
**VULPENNE**
'n Goeie pen teen billike pryse
- SUMMIT SENTINEL ... ... ... 37/6
- SUMMIT ROBOT — S125 ... ... 22/3
- SUMMIT CADET SENIOR ... 15/9

Verkrygbaar by —
**UNIVERSITEITS-UITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS). BPK.**
Posbus 29
PLEINSTRAAT — STELLENBOSCH

# OOSTERSE RITME, MUSIEK EN SWAARDSPEL OP KHALIFAH

**'n Khalifah-uitvoering en verskeidenheidskonsert ten behoewe van die A.S.B.-komitee se fonds vir aparte akademiese fasiliteite vir nie-blankes, is verlede Vrydagaand in 'n halfvol stadsaal deur 'n Maleiergroep uit Kaapstad gehou.**

Die polsende ritme van die Oosterse musiek en sang gedurende die Khalifah, die oomblik „wanneer vlees staal, en staal vlees word," het seker vir min van die toeskouers nie 'n vreemde bekoring ingehou nie.

'n Toneeltjie uit die Khalifah-vertoning wat verlede week in die Stadsaal gehou is, die fondse waarvan gaan aan die A.S.B. se fonds vir aparte fasiliteite vir nie-blanke studente.




### VERSKEIDENHEID

Die eerste deel van die aand se program was 'n verskeidenheidskonsert waarin solosang, 'n moppie en 'n gommaliedjie aangebied is.

Maar veral Achmat Adams wat ook as seremoniemeester opgetree het, se voorstelling van 'n toeskouer op Nuweland se Maleierpawiljoen en sy napraat van die verskillende kleurlingtongvalle het byval by die gehoor geniet.

### SWAARDSPEL

Na die pouse is die Khalifah gehou. Achmat Adams en Khalief Khassiem het eers die betekenis van Khalifah verduidelik. Oorspronklik het die woord vir hoofman en leier op geestelike gebied gestaan, maar tans beteken dit ook 'n swaardspel ter bewyse van geloof.

Alhoewel van die toeskouers miskien meer verwag het van die aand, glo ons tog nie dat daar iemand teleurgesteld was in die vertoning nie.

## Eerste Krieketspan Verloor Naelskraap

Die eerste krieketspan het Woensdag naelskraap verloor teen Paarl, die huidige Bolandse kampioene.

Maties: 46 almal uit. (Nico Marais 27, Doedels Viljoen 12) Paarl: 47 vir 9. (W. van der Vyver 12 boulbeurte, 14 lopies, 4 paaltjies; N. Zaaiman: 7 boulbeurte, 12 lopies, 3 paaltjies).

## Volkspelelaer

Op die jaarlikse besigheidsvergadering is die volgende bestuur vir 1952 gekies:

**Leier:** Neef Attie Smit;
**Leidster:** Niggie Marie Lombard;
**Vise-Leier:** Neef Sampie van Vuuren;
**Sekretaris:** Neef Jean Raath;
**Add. Lede:** Neef Emille van Zyl, Niggie Alice Heyns, Niggie Helena Stemmet.

# Steynberg Stel Werke Persoonlik Ten Toon

'n Tentoonstelling van die persoonlike werk van die beeldhouer Coert Steynberg kon onlangs vir 'n week in die Carnegie - biblioteek besoek word. Die tentoonstelling is deur die Akadamie gereël en is verlede Woensdag deur prof. dr. F. E. J. Malherbe geopen.

Prof. Malherbe het die volgende besonderhede oor mnr. Steynberg verstrek. Hy het sy kinderjare in die Bethalse distrik deurgebring. Sy eerste opleiding het hy in Grahamstad ontvang. In 1928 is hy na Londen, waar hy drie jaar se werk in twee voltooi het en die A.R.C.A. (Associate of the Royal College of Artists) verwerf het.

### PRYSVRAAG

Nog vier jaar van studie in Londen, waartydens hy die August-Spencer-trofee vir kapwerk, asook, in 1932, 'n prysvraag vir 'n standbeeld (die Diaz-beeld in S.A.-huis) gewen het, het gevolg.

Verlede jaar het die besondere eer hom te beurt geval om die F.R.S.A. (Fellow of the Royal Society of Artists) te verwerf.

Benewens volksmonumente, het Coert Steynberg ook muntstukke ontwerp en smeedysterhekke en gedenkplate in basreliëf gelewer.

### RASEGTE BOER

Coert Steynberg is 'n rasegte boer, het prof. Malherbe gesê. Hy verteenwoordig die volksbegrip en het 'n intieme kennis van die naturelletipes, plante en diere, lyn en skadu, krag en wydsheid van ons landskap, asook van ons natuurlike materiaal, soos hout en steen.

Prof. Malherbe het gesê dat ons met hierdie uitstalling, 'n teenstelling met die volksmonumente, waar hy volgens opdrag moet werk, die kunstenaar se vrye skeppingswil, sy drif om te eksperimenteer met nuwe idees in nuwe materiaal kan sien.

### EERBIEDIG MATERIE

Hy het ook gesê dat Coert Steynberg die aard van sy materie eerbiedig. Hy bring uit die materie sy idee, wat tog nog in die materie is. Daarom ook, is sy werk die beste geslaagd waar hy die steen self besiel en nie die materie tot blote realistiese voorstelling van die lewe dwing nie.

„Wees tevrede dat u nog na klip en hout kyk," het hy gesê, „maar onthou dat dit kilp en hout is wat 'n besielde vorm aangeneem het."

Hierna het prof. Malherbe enkele van die beelde nader toegelig.

Vir Alles Tuisgemaak Kom na
**DIE UITSPAN**
Ons Reël Partytjies en Dinees.
Bestellings word geneem vir Melkterte, Koeksisters, Koek ens.
*Die ENIGSTE Kafee in Matieland wat vir u tuisgebakte koek kan aanbied.*

APTEKERS
*Probeer Ons*
*Vir Afdrukke*
*En Vergrotings*
*Van U Negatiewe*
**JOERNING EN SEUN**
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH

**No.1 BY TABAKKONINGS**




*„Rembrandt is 'n goeie sigaret en die smaak verander nooit",*
sê Mnr. F. W. Young, welbekende tabakboer, Rustenburg.

**en wêreldberoemde sangers**



*„Rembrandt is easy on my throat,"* sê TITO GOBBI, wêreldberoemde Italiaanse Bariton.

Al meer en meer rokers verkies Rembrandt se kwaliteit en smaak omdat die „room van die oes"-tabak wat daarin gaan, spesiaal verouder word langs die pragtige Bergrivier—die regte klimaat vir die beste sigaret. Daarom rook Tabakkonings en wêreldberoemde sangers, Rembrandt.

Rembrandt

DIE SIGARET MET „ROOM VAN DIE OES"-TABAK

RBCA. 17

# „FLOPERAS" AS KAMPVUURITEMS OP B.T.K.-TOER NA SEDERBERGE

**Operas (of was dit floperas), skaats of skinkborde, reën, kampvuur-„items" en die omval van 'n vragmotor het alles op 'n besondere wyse daartoe bygedra om die B.T.K.-toer na die Sederberge „hoog" te maak.**

Vrydagmiddag is 94 toeriste per trein weg tot by Eendekuil. Hiervandaan was die eerste stap tot by Citrusdal in 'n ligte reën. Die roete was toe na Hexrivier, waar Sondag oorgebly is. Hier is 'n ideale kampplek wat nog lank onthou sal word, veral vanweë sy lekker lemoene en heerlike swemmery, wat o.a. ook waterskaatsery op skinkborde ingesluit het.

### OOR STYL PAS

Maandag is na Algerië, 'n bosboustasie, gestap waar die eintlike Sederberge eers begin. Van Algerië was die stap oor die styl Uitkykpas na Dwarsrivier, die plaas van oom „Swart Andries" Niewoudt waar tot Vrydag gekamp is.

Vervolgens was 'n lang dog baie mooi stap tot by Wupperthal, 'n sendingstasie geleë in 'n diep kom en waar die naweek deurgebring is. Die laaste skof was van Heuningvlei (bo-op die berg) met 'n voetpaadjie tot op Pakhuispas waarvandaan vragmotors die verdere vervoer tot by Graafwater onderneem het. Die laaste nag is op die trein deurgebring.

### NIE LIG VERGEET NIE

Vanaf Algerië, Dwarsrivier en Wupperthal is die Vensterberg, Wolfberg en Groot Krabedouw geklim. Die uitsig, sederbome, skeure, afgronde en rotsformasies is enig van die Sederberge en iets wat nie lig vergeet word nie.

Vir die toeriste wie se voete te seer was om te klim en in die kamp agtergebly het, was tennikoit, swem, sing en lees aan die orde van die dag. Vanaf Dwarsrivier is ook Boesmantekeninge gaan besigtig.

### „SPIRIT" HOOG

Die groot reën wat elke kort vakansie oudergewoonte sy verskyning maak, het hierdie keer weggebly tot die laaste Maandag. Dit was 'n groep nat en koue toeriste wat by Clanwilliam om die vuur saamgedrom het om droog te word. Maar nietemin was die „spirit" soos gewoonlik hoog.

Die vragmotor met die bagasie het dieselfde dag 'n bietjie teenspoed gekry toe die remme skielik teen 'n hoogte uit nie wou werk nie. Veral deur die teenwoordigheid van gees van die bestuurder wat die vragmotor laat uitswenk het in 'n sandwal het dit net op sy sy geval en is niemand ernstig beseer nie— iets wat as 'n wonderwerk beskou kan word.

### VOLOP „ITEMS"

Aan „items" by die kampvure saans het dit die toer weereens nie ontbreek nie. Daar was o.a. operas (en floperas), 'n vervolgverhaal, 'n modernisering van Rooikappie en 'n plattelandse debat wat maklik die kostelikste „item" van die toer was.

Dit was 'n groep vaak en moeg, maar hoogstevrede B.T.-kaners wat Dinsdagoggend 7-uur in Stellenbosch aangekom het. 'n Sederbergtoer, dié toer van die B.T.K., was agter die rug.

# ORANJEBONDERS TOER PER BUS HUIS TOE

**Gedurende die afgelope vakansie het die Oranjebonders, oftewel die Maties wat uit die Noordweste afkomstig is, 'n toer na daardie streek onderneem.**

Die gedagte om weer, soos in 1950, per bus huis toe te gaan, het reeds vroeg verlede kwartaal ontstaan. Manie Burger en Constant Steyn, wat met die organisasie van die toer belas is, het dan ook 'n bus van 'n kontrakteur in die Paarl, ene mnr. Redelinghuys te huur gekry. Die onkoste het slegs £3/10/- per toeris beloop.

### VROLIKE GROEP

Met Manie Burger as bestuurder het 'n vrolik groep dus op Donderdagmiddag, 20 September hier weggespring.

Op Wellington is nog 'n paar passasiers opgelaai en toe het die 500 myl lange tog 'n aanvang geneem.

Die entoesiasme was groot en uit die bus het vrolike sang en skerts tot laat in die nag weerklink. Maar dit was 'n doodmoeg groep wat Vrydagmiddag om eenuur op Kakamas aangeland het.

Dit was met sware harte dat die Maties weer op Saterdag, die 29ste die terugreis aanvaar het — deels oor die vakansie wat agter die rug was en deels oor die lang pad voor. Die reis was egter baie voorspoedig.

### GENOEGLIKE AAND

Op Vrydagaand, 5 Oktober is die werksaamhede van die Oranjebond vir 1951 daarop afgesluit met 'n piekniek by Papegaaisberg.

Eetware, musiek, sang en volkspele het die aand baie genoeglik gemaak, hoewel dit maar moeilik gegaan het om die volkspelepassies daar uit te voer.

Die bestuur vir 1952 wat daarop gekies is, bestaan uit Manie Burger (voorsitter), Valerie Malan (sekr.), Constant Steyn (tesourier) en Grietjie Hanekom (add. lid). Mnr. Burger het die aftredende voorsitter, Neels Theron, bedank en die Bond se waardering uitgespreek vir sy leiding.




Waar u ook mag wees

**Kommando**

is die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret




GI-3050-Af


## Kennisgewing

Die Volkspelelaer wens bekend te maak dat persone wat in 1952 aan die Volkspele by die Van Riebeeckfees wil deelneem, nog hulle name by enige van die bestuurslede kan inhandig. Dis nog nie te laat om te begin oefen nie!


BESOEK DIE

**GOOD HOPE KAFEE**

**Probeer ons Spesiale Geregte van Roomys sowel as Maaltye.**


# Destyds

## *Ons Rubriek oor die Goeie ou Dae*

*Die eerste Heldedagviering in Stellenbosch het op 10 Oktober 1940 plaasgevind. Die oggendprogram is op Coetzenburg afgehandel. As sprekers het die destydse kanselier van die Universiteit, ds. (Vader) Kestell en ds. A. F. Louw opgetree.*

*By daardie geleentheid het ds. Kestell hierdie definisie van 'n held gegee: „'n Held is 'n man met 'n boodskap of 'n opdrag van God, met die moed om ongeag omstandighede, daardie boodskap af te lewer of daardie opdrag uit te voer."*

### *NASIEBOUING*

*Die spreker op die aandprogram was dr. E. G. Jansen (destyds Speaker van die Volksraad). Sy onderwerp was: „Die Noodsaaklikheid van Nasiebouing."*

*Die pawiljoen was die oggend gelaai met mense, het prof. J. G. Meiring by wie ons vandeesweek besoek gebring het, meegedeel. Voor die pawiljoen was die mense gepak soos dit met Intervarsity die geval is.*

*Die studente het die dag 'n treffende uitvoering op die voetbalveld gelewer. In wit geklee het mans en dames op die veld gemarsjeer en toe hulle gaan hurk, het hulle die woorde „Heldedag — 1940" gespel.*

### *GROOT GEHORE GEHAD*

*Die jaar daarna was dr. D. F. Malherbe die hoofspreker, en hy het ook 'n groot gehoor gehad.*

*Maar sedert 1942 het die opkomste geleidelik getaan in die mate dat daar verlede Woensdagaand hoogstens 50 studente teenwoordig was by die viering in die Stadsaal.*

*Hierdie skande is des te groter wanneer 'n mens dit in oënskou neem dat die beweging om 10 Oktober as vakansiedag te verkry, juis eerste by Stellenbosch begin het.*

### *S.R. DRING AAN OP VAKANSIE*

*Die Studenteraad van 1939 het by die owerhede aangedring dat die dag as Universiteitsvakansiedag verklaar moes word en in 1940 is op hierdie aandrang gereageer.*

*Belangstelling was indertyd hoog vir dergelike Volksaangeleenthede en Stellenbosch, die Mekka van die Afrikanerdom, kan spyt voel oor die feit dat daardie belangstelling afgeneem het.*

## Skinderstories

**Rondloper het in sy omwandelinge gedurende die vakansie verdwaal, en nog g'n spoor van hom is gevind nie. Namens hom (snik) sê ek dus Arrie-Warrie tot volgende keer.**

**TUISBLYER.**

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

**MATIES**

**HOFLIKHEID OP STRAAT**

**RED LEWENS**

**FIETS VERSIGTIG — GEBRUIK DIE SYPAADJIES**

**Een uit elke Tien motoriste sal vanjaar in 'n ongeluk betrokke wees — 'n MATIE miskien.**